

Mondstuk van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf • Mouthpiece of the South African potato industry

CHIPS

VOL 35 NO 02 • MARCH / APRIL 2021

**BASELINE AND MARKET
DYNAMICS FOR THE
COMING SEASON**

Growing tomorrow's
producers, today

**OOS-VRYSTAATSE
DROËLANDKULTIVARPROEF
OP WARDEN 2019/2020**

Importation of French
fries takes a nosedive

Waarde van navorsing
oor blaarsiektebeheer


OVS-werkgroep neem voortou met produkproewe

Deur Santa Bronkhorst, Oos-Vrystaat streeksekretaresse

Op 18 Februarie 2021 het die Oos-Vrystaat (OVS)-werkgroep sy eerste besigtigingstoer van produkproewe na die nuwe perseel by Asearch Agri-Tech buite Bethlehem onderneem. Die besoek is meegemaak deur 'n groot aantal verteenwoordigers van chemiese en kunsmismaatskappye, sowel as aartappelprodusente vanuit die Oos-Vrystaat.

Daar was opgewondenheid onder besoekers soos hulle deur die proewe gestap het om na die plante te kyk. In die verlede is die proewe geplant die op plase van produsente wat bereid was om 'n perseel beskikbaar te stel vir aanplantings. Verskeie faktore het die

werkgroep genoop om die proewe na Asearch Agri-Tech te skuif.

Vanjaar het nege chemiese en biologiese maatskappye, asook drie kunsmismaatskappye aan die proewe deelgeneem. Daar word met groot verwagting uitgesien na die betroubare, akkurate resultate wat in 'n latere uitgawe van CHIPS gepubliseer sal word. 

Enige produsent wat die projek wil besoek of maatskappy wat belangstel om deel van die projek te vorm, kan vir Enrike Verster, Aartappels SA-navorsers betrokke by die OVS-werkgroep, by epos enrike@potatoes.co.za kontak.

Die besoek is meegemaak deur 'n groot aantal verteenwoordigers van chemiese en kunsmismaatskappye, sowel as aartappelprodusente vanuit die Oos-Vrystaat.

Bruinskurf- en opbrengsprobleme?

Die aanwending van PicPlus® in die beheer van bruinskurf verhoog nie net die produksie-uitset en winspotensiaal vir boere nie – dit verbeter ook grondgesondheid. PicPlus® het sy waarde bewys in 'n onlangse berokingsproef* waartydens die gebruik van die produk tot 'n beduidende vermindering in bruinskurf en hoër totale opbrengs gelei het, met hoër algehele winste tot gevolg!



In teenstelling met die algemene opvatting, steriliseer beroking met Chloropicrin nie die grond nie - aanvullend tot hul swam- en aalwurmdodende aksie, is ons behandelings ontwerp om die produksie van voordelige mikroörganismes in die grond te stimuleer.

10.7 ton/ha
HOËR OPBRENGS
behaal op PicPlus®-berookte persele teenoor kontrolepersele.

25.7%
MINDER BRUINSKURF
op die PicPlus®-berookte persele as op kontrolepersele.

PicPlus®-behandelde grond toon 'n gesonder wortelstelsel, verbeterde waterbenutting en meer doeltreffende benutting van bemesting.

PicPlus® onderdruk talle algemene patogene, insluitende die patoëen wat bruinskurf veroorsaak asook spesies van Verticillium, Fusarium en Phytophthora.



*Aartappelberokingsproef met PicPlus® (Chloropicrin)

Produsent X - Berook 6,5 ha en kontrole 6,5 ha

Berokingsdatum: 21 Oktober 2019

Plantdatum: 11 November 2019

Oesdatum: 30 Maart 2020

Kultivar: Lanorma

Patogeen: Bruinskurf

Draslovka Services RSA

'n DAFF-geakkrediteerde en gelisensieerde grondberokingsonderneming wat in grondberoking vir vrugte-, groente- en bessieplase, kwekerie, gholfbane, sportterreine en meer spesialiseer.

Die eerste grondberokingsonderneming wat 'n lid van SAPCA (South African Pests Control Association) geword het.

Draslovka

021 903 2288 | 083 251 1221
office@draslovka-services.co.za
www.draslovka-services.com